Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 31 JANUARIE 2019 OM 10:00**

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdl M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Bess, D G (DA)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Fortuin, C B (DA)
Maart, E S M (DA)
McQuire, V D (DA)
Mfutwana, L E (EFF)
Papers, C H (DA)
Penxa, B J (ANC)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
wnd Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr A M Zaayman
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

**UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN 'N RAADSVERGADERING GEHOU OP 31 JANUARIE 2019:**

**7.4 GOEDKEURING VAN DIE 2018/2019 HALFJAARLIKSE AANSUIWERINGS-KAPITAAL EN –BEDRYFSBEGROTING: TEGNIESE AANBEVELINGS (5/1/1/1, 5/1/1/2)**

Die 2018/2019 halfjaarlikse Aansuiweringskapitaal en -Bedryfsbegroting is tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 23 Januarie 2019 oorweeg vir goedkeuring deur die Raad.

Die voorlegging van die aansuiweringsbegroting geskied ingevolge artikel 28 van die MFMA nadat die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar geevalueer is – verwys item 7.3.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word (in die afwesigheid van vier raadslede) beslis met 15 stemme ten gunste daarvan, en vier raadslede wat buite stemming bly.

Besluit/...

7.4/...

**BESLUIT**

(op voorstel van raadsdame M van Zyl, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

(a) Dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het nadat hulle die verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en ander direkteure oorweeg het;

(b) Dat dit in ag geneem moet word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2018/2019 finansiële jaar nie, maar sal lei tot ‘n verhoging in die begrote surplus van R 10 914 610 na ‘n begrote surplus van R 16 149 238;

(c) Dat die ongemagtigde bestedings geïllustreer onder 2.5 (a) goedgekeur word as deel van die aansuiweringsbegroting van 2018/2019 in lyn met artikel 32(2)(a)(i) van die Wet;

(d) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word sowel as die regstellings van die verskille wat tydens die verifikasieproses van die oorspronklike begrotingskedules geïdentifiseer is;

(e) Dat die aangepaste begrotingskedule soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word soos in Aanhangsel C uiteengesit, sowel as die regstellings van die verskille wat tydens die verifikasieproses van die oorspronklike begrotingskedules geïdentifiseer is;

(f) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(g) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) dienooreenkomstig gewysig word;

(h) Dat goedkeuring verleen word om die hoëvlak kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2018/2019 as volg te wysig:

| | **Oorspronklike Begroting 2018/2019** | **Oorrol Aansuiwerings begroting 2018/2019** | **Spesiale Aansuiwerings begroting 2018/2019** | **Half-Jaarlikse Aansuiwerings begroting 2018/2019** | **Increase / (- Decrease)** |
|---|---|---|---|---|---|
| Kapitaalbegroting | R 87 245 909 | R 94 009 363 | R 102 890 363 | R 98 785 331 | (R 4 105 032) |
| Bedryfsuitgawes | R 698 278 426 | R 699 811 714 | R 676 259 498 | R 693 672 465 | R 17 412 967 |
| Bedrysinkomste | R 746 205 036 | R 751 554 438 | R 736 846 222 | R 761 793 817 | R 24 947 595 |
| Begrote (Surplus)/ Tekort | (R 47 926 610) | (R 51 742 724) | (R 60 586 724) | (R 68 121 352) | R 7 534 628 |
| **Minus: Kapitaal Toekennings** | R 36 975 000 | R 40 791 114 | R 49 672 114 | R 51 972 114 | R 2 300 000 |
| (Surplus)/ Tekort | (R 10 951 610) | (R 10 951 610) | (R 10 914 610) | (R 16 149 238) | R 5 234 628 |

**MUNISIPALE BESTUURDER**